SKIETTOETS VIR BEKWAME JAGTER

1. **Teiken**
   Die Rooibokteiken van die SAJWV sal gebruik word. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk)

2. **Universele reëls by skietoefeninge**
   Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items

3. **Skietbaan Veiligheidsreëls en Standaardbevele**
   Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

4. **Gewere en kalibers**
   Geen beperking op gewere en enige senterslag kaliber kan gebruik word.

5. **Visiere of teleskope**
   Geen beperking op visiere of teleskope nie.

6. **Oefening (item verwysings na die dokument "Universele reëls by Skiet-oefeninge)**
   Daar is geen tydsbeperking op enige oefening van die skiettoets nie. Die baan-offisiere het egter wel die reg om deelnemers aan te por indien hulle langer as 60 sekondes per skoot sou neem.
   a. Vanaf **200m** word **3 skote** vanuit die lê posisie met beperkte ondersteuning voor en agter (verwys na item 18.1.3).
   b. Vanaf **100m** word **3 skote** vanuit die sitposisie met vrye ondersteuning geskiet (verwys na item 18.2.3).
   c. Vanaf **50m** word **3 skote** uit die vryhand staanposisie geskiet (verwys na item 18.4.1)

7. **Erkenning**
   Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **27, 32 en 36** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntettelling van **45** punte. Om die skiettoets te slaag moet die skut 'n telling van ten minste 27 uit 45 (60%) behaal.

Teiken werklike grootte: W x H = 750 x 1000m

Teiken Areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Hart:	96 x 102	76	--
V-hart:	57 dia	25	33 %
Sentrale hart/long:	173 x 177	272	350%
Groter long/rugwerwel:	235 x 226	512	670%

Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.